Kultuurskatte in klipstapels

Estelle Pretorius

In 2038, wanneer die 200-jarige herdenking van die Groot Trek plaasvind, sal die nageslag waarskynlik verstom staan voor die onthulling van 1938 se klipstapelskatte...

Op 6 Februarie 2018 het Trudie Venter se plasing op Facebook die land se sosiale media aan die gons gehad. Op Bethulie was Qudeen Grundling besig om die 1938-gedenkmonument te restoureer, toe 'n interessante vonds gemaak is. Die klipstapel is op 13 Oktober 1938 in Kerkstraat gepak toe die Vrystaatse Hooftrek daar aangedoen het. Die klipstapel is daarna opgeneem in 'n gedenkmonument wat op 26 Oktober 1940 onthul is.

Toe Qudeen Grundling die marmerplaat afhaal om dit op te knap, is 'n bottel met briewe daaragter gevind.

Groot was die opgewondenheid toe Trudie Venter die bottel in die teenwoordigheid van Qudeen Grundling, Peter Robak en ander oopmaak. Dit het nie net groeteboodskappe bevat nie, maar ook 12 foto's, 'n volledige program van 13 Oktober 1938 se verrigtinge, en sewe opgerolde dokumente. Nadat met kundiges en gesaghebbendes gesels is, is besluit om die dokumente versigtig te skandeer en te dupliseer. Die inhoud daarvan sal op 'n spesiale funksie in Bethulie bekendgemaak word. Die Erfenisstigting in Pretoria het Trudie Venter genader en ingelig oor die agtergrond en geskiedenis van die 1938-klipstapels. Daar is beklemtoon dat die gedagte was om al hierdie briewe en groeteboodskappe eers in 2038 oop te maak. Die Erfenisstigting het versoek dat die Bethulie-bottel met die oorspronklike dokumente mettertyd aan hul argief vir bewaring oorhandig word.

Die monumentjie op Bethulie is maar een van letterlik honderde wat in 1938 met die Simboliese Ossewatrek opgerig is. Met die naderende 100-jarige herdenking van die Groot Trek (1938), het daar in die laat 1920's reeds verskeie losstaande monumentekomitees oor die hele land bestaan wat hulle beywer het vir die insameling van fondse om monumente vir die Voortrekkers op te rig. Om verdeling van kragte te voorkom, is die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) versoek om 'n konferensie van verteenwoordigers van al die bestaande bewegings en bevriende liggame te belê. 'n Sentrale komitee moes in die lewe geroep word. Tydens die konferensie in 1931 is die Sentrale Volksmonumentekomitee gestig met die doel om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig. In 1937 het advokaat EG Jansen die eerste sooi van die Voortrekkermonument op Monumentkoppie gespit, en die hoeksteen is op 16 Desember 1938 gelê. Die Hoeksteenlegging is voorafgegaan deur 'n Simboliese Ossewatrek, geïnisieer deur mnr Henning Klopper, en uitgevoer deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV).

Op 8 Augustus 1938 het die trek in Kaapstad

met twee waens begin, en as gevolg van groot landwye entoesiasme is met nege waens op 14 trekroetes geëindig. Vier maande en ses dae later is Monumentkoppie bereik – betyds vir die hoeksteenlegging op 16 Desember. Die feesvieringe het ongekende afmetings aangeneem. Feitlik elke uithoek van Suid-Afrika is geraak en nagenoeg 500 dorpe en plekke is deur die waens besoek. Die entoesiasme en geesdrif het soos 'n veldbrand versprei, en die waens is oral deur derduisende mense ingewag en met Afrikaanse volksliedjies en volksdanse begroet. Tradisionele Voortrekkerdrag is gedra en mans het ywerig baarde gekweek. Oral is straatname na die name van Voortrekkerleiers verander, en by die waens is paartjies getrou en kinders gedoop ('n paar is selfs as Eeufesia of Ossewania gedoop!).

Die ATKV het elke dorp se reëlingskomitee versoek om 'n eenvoudige klipstapel op te rig as 'n teken van hul verbond en geloof. Die klippe van die klipstapels is dikwels gebruik om in 'n gedenkmonument ingemessel te word, of die klipstapels is in hul oorspronklike vorm toegemessel en tydens die besoek van die waens of later onthul. Op verskeie plekke is die waspore en belanghebbendes se voetspore in nat sementblaaie vasgelê.

'n Interessante tendens was dat voorwerpe in sommige gedenktekens toegemessel is, met die gedagte dat dit eers weer 100 jaar later, naamlik op 16 Desember 2038, oopgemaak mag word. Tydskrifte en koerante van 1938, soos die Gedenkuitgawe van die *Huisgenoot*, *Jongspan*, *Transvaler*, *Vaderland*, *Rand Daily Mail*, *Kerkblad*, *Voorligter* en *Taalgenoot*, is toegemessel, asook Bybels en boeke, soos die Evangelie van Johannes; 'n Afrikaanse en Hollandse Bybel en Psalmboek; 'n herdenkingsboek van die Transvaalse Onderwysvereniging; 'n boek van Andrew Murray; boeke oor die geskiedenis van spesifieke dorpe; groeteboodskappe; briewe; en gedenkboeke met die name van die feesgangers. Ander interessante voorwerpe was byvoorbeeld 'n foto en glasnegatief van Paul Kruger; en 'n Voortrekkerkommetjie en vier ysterklippe van Hlomo Amubotho. By Bloedrivier is 'n koperbuis met 'n afdruk van die Gelofte en 'n plan en spesifikasies van die monument onder die hoeksteen geplaas.

Die hoogtepunt van die Eeufeesvieringe was toe sewe waens op 14 Desember 1938 by die feesterrein by Monumentkoppie in Pretoria aangekom het. Voordat die hoeksteen in posisie geplaas is, is in die ruimte daaragter afskrifte van die Dagregister van Jan van Riebeeck geplaas, asook van die Retief-Dinganetraktaat, die Gelofte, Die Stem van Suid-Afrika, en 'n Statebybel wat aan die trekleier Henning Klopper behoort het.

In 2038, wanneer die 200-jarige herdenking van die Groot Trek plaasvind, sal die nageslag waarskynlik verstom staan voor die onthulling van 1938 se klipstapelskatte...